

# HOOFSTUK 5

## GODSDIENS, ONDERWYS EN ARBEID IN DIE PIETERSBURGSE KONSENTRASIEKAMP

### 5.1 GODSDIENSBEOEFENING IN DIE KAMP

Ons het reeds gesien dat daar so ver moontlik na die kampbewoners se fisiese behoeftes omgesien is, byvoorbeeld in die sin van die verskaffing van behuising, voedsel, sanitêre geriewe en mediese dienste. Gelukkig het die geestelike versorging nie agterweë gebly nie.

Godsdiensbeoefening het nog altyd 'n belangrike plek in die lewe van die Afrikaner ingeneem. Godsdiens was die enigste geestelike aktiwiteit waaraan die kampinwoners hulle gewy het.<sup>1</sup> Uit die godsdiens het dié mense beslis geestelike krag geput. Eerwaarde Stephanus Hofmeyr se skoondogter skryf in haar herinneringe oor hoe hulle na Pietersburg geneem is: "How many tears were shed, how many prayers sent up to the Throne of Grace! ... we spent the night in great anguish, but God was with us".<sup>2</sup>

Die owerheid het nie in die weg van godsdiensbeoefening in die kampe gestaan nie, maar het dit eerder aangehelp in dié sin dat hulle 'n plek van samekoms voorsien het.

---

<sup>1</sup> J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.121.

<sup>2</sup> E. Hobhouse, War without glamour or women's war experiences written by themselves 1899-1902. Historical records collected and translated, p.105.

Die kamp het nie vir sy volle bestaanstyd oor die dienste van 'n predikant beskik nie, maar godsdiensbeoefening het wel gereeld plaasgevind. Op 31 Mei 1901 was daar geen predikant in die konsentrasiekamp of in die dorp nie. Die eredienste is waargeneem deur meneer H.J.W. Pienaar, 'n teologiese student. Sy eredienste is baie goed deur die kampinwoners bygewoon en meneer Tucker skryf: "... and he seems to be a great favourite in camp".<sup>3</sup> Tucker het aanbeveel dat Pienaar as kapelaan (veldprediker) aangestel word en dat dominee D.J. Kriel wat nog sou kom, huwelike kon voltrek en die doop kon bedien.<sup>4</sup>

Dominee Kriel arriveer eers einde Junie 1901 vanaf Pretoria in die kamp.<sup>5</sup> Hy het egter net vir 'n paar maande in die kamp gewerk en op 30 September 1901 word gemeld dat daar geen predikant in die kamp was nie.<sup>6</sup> Vir die duur van sy verblyf het dominee Kriel elke Sondag 'n erediens gehou en die kampbewoners daagliks besoek.<sup>7</sup> Meneer Pienaar het na dominee Kriel se koms vir die Kleurlinge in kommandant Buys se kamp eredienste gehou.<sup>8</sup>

<sup>3</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps, in the Transvaal, Orange River Colony and Natal, November 1901, p.69.

<sup>4</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69. Ds. D.J. Kriel is in 1887 tot die amp toegelaat. Hy was aanvanklik op Ventersdorp en later op Pietersburg, Erasmus en Ladysmith in die bediening.

<sup>5</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.146; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, band 11, 30th June 1901, Monthly Report.

<sup>6</sup> Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony and Natal, December 1901, p.88; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th September 1901, Monthly Report.

<sup>7</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.261.

<sup>8</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375.

Daar is nie gegewens beskikbaar oor waarom en waarnatoe dominee Kriel in September 1901 vertrek het nie. Die Dameskomitee meld net dat hy deur die militêre owerheid verwyder is.<sup>9</sup>

Vanaf Oktober 1901 tot en met die verskuiwing van die kamp gedurende Februarie 1902 is die eredienste deur leke gehou, onder andere 'n meneer Schoeman. Meneer Pienaar het voortgegaan om vir die Kleurlinge dienste te hou.<sup>10</sup>

Hoekom hy nie weer soos voorheen vir die blankes dienste gehou het nie, veral aangesien hy tog baie gewild onder hulle was, blyk nie uit die gegewens nie.

Soos reeds genoem het die kampowerheid gesorg vir die nodige fasiliteite vir die godsdiensbeoefening. Aanvanklik is die eredienste onder 'n groot seil wat oor waens gespan was, gehou.<sup>11</sup> Vanaf Julie 1901 is die eredienste in 'n groot markeetent gehou.<sup>12</sup> Gedurende November 1901 is 'n groot kerk uit bloekompale en seil opgerig en die eredienste het tot Februarie 1902 hierin plaasgevind.<sup>13</sup>

<sup>9</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War, 1902, p.206, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>10</sup> Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.88; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th September 1901, Monthly Report.

<sup>11</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Monthly Report.

<sup>12</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.261.

<sup>13</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900- August 1905, band 12, Report to 18th February 1902.

## 5.2 ONDERWYS

### 5.2.1 Die stigting van die kampskole en die redes daarvoor.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het elke beskikbare man gaan veg. Ook die meeste van die onderwysers het die wapen opgeneem en die kinders het hul moeders op die plaas gehelp. So het die skoolwese tot stilstand gekom.<sup>14</sup> Toe daar egter besef is dat die oorlog baie langer gaan duur as wat verwag is, is twee pogings aangewend om die situasie die hoof te bied: Die Boere het self private skooltjies in die kampe gestig en die Britse owerheid het plante beraam om vir die honderde kinders wat in die konsentrasiekampe vergader was, onderwysvoorsiening te maak.<sup>15</sup>

Op 6 November 1900 het die heer E.B. Sargant diens as Direkteur van Onderwys aanvaar en vroeg in Februarie 1901 stig hy 'n skool in die kamp te Norvalspont.<sup>16</sup> In Transvaal is die eerste kampskole eers in April 1901 gestig,<sup>17</sup> en in die Pietersburgse konsentrasiekamp is daar eers in Julie 1901 met 'n skool begin.<sup>18</sup>

---

<sup>14</sup> E.H. Hudson, *Die geskiedenis van die onderwys in die gebied Zoutpansberg met verwysing na maatskaplike verband*, p.177; E.G. Malherbe, *Education in South Africa (1652-1922)*, p.297.

<sup>15</sup> E.H. Hudson, *Die geskiedenis van die onderwys...*, pp.177-178; E.G. Malherbe, *Education in South Africa...*, pp.297- 298.

<sup>16</sup> M.A. Basson, *Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys (1836-1907)*, Tweede band, pp.281-282; J. Chr. Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937*, pp.72-73; A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*, pp.55, 57.

<sup>17</sup> F.C. Symington, *Die konsentrasiekampscole in die Transvaal en Oranje Vrystaat*, p.10.

<sup>18</sup> Cd. 819: *Reports on the working of the Refugee Camps...*, p.262.

Dit is belangrik om te besef dat al was daar privaatskole in baie kampe, die Britse owerheid nogtans voortgegaan het om in al die kampe skole te stig. Die vernaamste redes hiervoor was die volgende:

- Die skole is uit humanitaire- en filantropiese oorwegings gestig.
- Die skole is ook gestig met die doel om die Boerekinders ten gunste van die Britse saak en standpunt te beïnvloed.
- Die stigting van die skole het die beter handhawing van orde in die kamp ten doel gehad.
- Dit was baie moeders se wens dat hulle kinders onderwys sal ontvang. Ander het weer die wens uitgespreek dat die kinders nuttig besig gehou sal word in die skole en dus nie vir kwaadgeld sal rondloop nie.
- Die kinders moes Engels leer om so die gebruik van Engels as taal onder die opkomende Boeregeslag te bevorder.<sup>19</sup>

Die Dameskomitee skryf oor die onderwys in die Pietersburgse kamp: "Three more English teachers are said to be coming, but more than this number will be required if the most is to be made of the present unique opportunity for instilling ideas of truth and discipline into these children".<sup>20</sup>

### 5.2.2 Onderwysers

Na die uitbreek van die oorlog het baie onderwysers in verowerde dorpe gaan woon nadat hulle die eed van neutraliteit afgelê het en nog ander

<sup>19</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole..., p.9; E.H. Hudson, Die geskiedenis van die onderwys..., p.178; M.A. Basson, Die Britse invloed ..., p.278.

<sup>20</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.207, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

het natuurlik die wapen opgeneem. Hoewel onderwysers ook na die kampe geneem is, was een van die grootste vraagstukke in die organisering van die kampskole tog die vind van geskikte onderwysers. Persone uit die kampe self is as onderwysers gebruik, maar hulle was swak of totaal ongekwalifiseerd. Die tekort aan onderwysers is aangevul deur ingevoerde Engelse onderwysers.<sup>21</sup> 'n Gekwalifiseerde onderwyser - baie keer was dit Hollandse oud- onderwysers - in die kamp of dorp is gewoonlik as hoof van so 'n pasgestigte kampschool aangestel. In 'n paar gevalle was 'n Engelse hoof beskikbaar wat dan as hoof van die dorp- en kampschool opgetree het.<sup>22</sup>

Na die stigting van die kamp het verskeie oud-onderwysers hulle in die kamp bevind, naamlik E.R. Smith, A.B. Sachleven, J.J. Scott, H. Janse, J.W. Viljoen, Gerdes, Bok en Pienaar. Van hierdie oud-onderwysers is J.J. Scott en Pienaar deur Tucker as geskikte kamponderwysers beskou.<sup>23</sup>

Gedurende Julie 1901 het J.J. Scott 'n skool in die kamp begin, maar O'Malley het hom in Augustus 1901 as hoof opgevolg.<sup>24</sup> En in September 1901 is O'Malley deur S. Fairhurst opgevolg.<sup>25</sup>

---

<sup>21</sup> J. Chr. Coetzee, *Onderwys in Transvaal...*, pp.73- 74; E.H. Hudson, *Die geskiedenis van die onderwys...*, p.179.

<sup>22</sup> F.C. Symington, *Die konsentrasiekampskole...*, p.58.

<sup>23</sup> Cd. 819: *Reports on the working of the Refugee Camps...*, p.146; E.H. Hudson, *Die geskiedenis van die onderwys...*, p.180.

<sup>24</sup> Cd. 819: *Reports on the working of the Refugee Camps...*, p.375.

<sup>25</sup> Cd. 853: *Further papers relating to the working of the Refugee Camps...*, p.88; F.C. Symington, *Die konsentrasiekampskole...*, p.47; E.H. Hudson, *Die geskiedenis van die onderwys...*, p.180.

Fairhurst was 'n Engelsman wat as hoof van die dorpskool sowel as die kampschool opgetree het.<sup>26</sup> Die Dameskomitee beskryf hom as 'n baie bekwame persoon met groot entoesiasme vir sy werk. Hulle was egter nie baie tevrede met die reëling dat hy hoof van sowel die dorp- as kampschool was nie.<sup>27</sup> Hy is tot Januarie 1902 hoof van die kampschool. Hy sterf aan ingewandskoors.<sup>28</sup>

Die meeste van die assistente wat die hoof bygestaan het, was onderwysers(-esse) uit die kamp self of uit die dorp.<sup>29</sup> In die Pietersburgse konsentrasiekamp was die assistente dan ook vlugtelinge, met ander woorde kampinwoners. In Augustus 1901 was Scott se twee assistente inwoners uit die kamp.<sup>30</sup> Gedurende November 1901 het Fairhurst twaalf assistente gehad. Slegs twee het enige opleiding gehad terwyl die ander tien inwoners uit die kamp was. Meneer Fairhurst het dan ook die grootste deel van sy tyd daaraan bestee om van klas tot klas te gaan om sy onderwysers te wys hoe om skool te hou.<sup>31</sup> Gedurende Desember 1901 was daar veertien "vlugtelinge"- onderwysers<sup>32</sup> en na

<sup>26</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.207, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901; F.C. Symington, Die konsentrasiekampscole..., p.47.

<sup>27</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., pp.206-207, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>28</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report; FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.735.

<sup>29</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampscole..., p.58; J. Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal..., p.73.

<sup>30</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

<sup>31</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.207, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>32</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st December 1901, Monthly Report.

meneer Fairhurst se dood is die kinders net deur inwoners uit die kamp onderrig.<sup>3 3</sup>

### 5.2.3 Die aantal leerlinge en skoolbesoek

Met die oprigting van die skool in Julie 1901 is die leerlingtal aanvanklik 120.<sup>3 4</sup> Die leerlingtal het geleidelik elke maand gestyg en net voor die verskuiwing van die kamp in Februarie 1902 was daar 750 leerlinge in die skool.<sup>3 5</sup>

Die aantal leerlinge per onderwyser was hoog. Die gemiddelde vir Transvaal kan op 50 leerlinge per onderwyser gestel word. Later gedurende die oorlog was daar meer onderwysers beskikbaar en het die posisie effens verbeter.<sup>3 6</sup>

In die Pietersburgse kampskool was die aantal leerlinge per onderwyser hoër as die gemiddelde vir Transvaal. Gedurende November 1901 is die gemiddelde aantal leerlinge per onderwyser 58<sup>3 7</sup> en gedurende Januarie 1902, 53.<sup>3 8</sup>

---

<sup>3 3</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report; FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.735.

<sup>3 4</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.262, 375; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

<sup>3 5</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report; FK 609: Colonial Office 417/349, 1902, p.735.

<sup>3 6</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole..., p.23.

<sup>3 7</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report.

<sup>3 8</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report; FK 609: Colonial Office 417/347, vol.4, 1902, p.735.

Skoolbesoek was nie verpligtend in die kampskole nie.<sup>39</sup> Daar word geskat dat van elke nege kinders van skoolgaande ouderdom, vier plus minus gereeld die kampskole bygewoon het.<sup>40</sup> Gedurende November 1901 het uit die 614 leerlinge 545 die kampschool besoek, met ander woorde 88,76%.<sup>41</sup> Een van die redes vir die swak skoolbesoek was die feit dat baie kinders gestuur is om rantsoene te gaan ontvang. Die Dameskomitee meld in hulle verslag van 17 en 18 November 1901: "As soon as sufficient school teachers have been sent us, a rule will be made that children of school age will not be allowed to fetch rations."<sup>42</sup>

Faktore wat die skoolbesoek nadelig beïnvloed het was:-

- Die feit dat skoolbesoek nie verpligtend was nie.
- Die vyandige gevoel dat daar tussen ouers en autoriteite geheers het.
- Die vreemde taalmedium.
- Werk in en om die tente.
- Siekte en dood.
- Swak kleding en koue.
- 'n Algemene toestand van onrus en ontwrigting wat deur die oorlog teweeggebring is.<sup>43</sup>

---

<sup>39</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole..., p.27; E.H. Hudson, Die geskiedenis van die onderwys..., p.181.

<sup>40</sup> A.K. Bot, Honderd jaar onderwys..., p.60.

<sup>41</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.206, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>42</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>43</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole..., pp.28-34; Vergelyk ook E.H. Hudson, Die geskiedenis van die onderwys..., p.181; M.A. Basson, Die Britse invloed..., pp.307, 308.

#### 5.2.4 Fasilitete

Een van die grootste probleme waarmee die Britse owerheid te doen gehad het na die stigting van die kampskole was die voorsiening van opgeleide onderwysers. 'n Verdere probleem was beslis die verskaffing van huisvesting, meubels en skoolmateriaal.

##### 5.2.4.1 Akkommodasie

Daar is waar moontlik gebruik gemaak van bestaande skole of kerkgeboue wat naby aan die kampe geleë was,<sup>44</sup> maar in die Pietersburgse konsentrasiekamp was daar geen geboue nie en die militêre owerheid het markeetente tot die beskikking van die onderwys gestel. Gedurende November 1901 het die skool uit drie groot markeetente, een mediumgrootte markeetent, drie seilskuilings en 'n tent wat as kantoor gedien het, bestaan. Laasgenoemde tent het toerusting bevat asook twee groot potte vol lemmetjiesap. Die skoolkinders kon vrylik van die lemmetjiesap drink. Die Dameskomitee het aanbeveel dat in die winter sop in die plek van die lemmetjiesap voorsien moes word.<sup>45</sup>

##### 5.2.4.2 Meubels

Hier was die gebrek nog groter as by die huisvesting. Om meer tente op te slaan, was moontlik, maar om voldoende skoolbanke te voorsien, was 'n probleem. Die banke was hoofsaaklik die skryftafeltipe. Van die kampinwoners is teen 2/6 per dag gehuur om die skryftafels te maak. Vir sitbanke is lang planke oor leë kaste gesit. Hierdie lang planke is soms geleen of geneem uit die voorraad wat vir die maak van doodskiste

---

<sup>44</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampscole..., p.11.

<sup>45</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.206, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

bestem was. Wanneer die sterftesyfer baie gestyg het, het daar 'n ooreenstemmende tekort aan sitplek in die skool ontstaan.<sup>46</sup>

Die Pietersburgse kampskool het beslis ook 'n tekort aan skoolbanke ondervind. Aanvanklik is daar genoeg banke en swartborde vanaf die dorpskool verkry sodat die kampskool net kon voortgaan, maar daar is ook gewag op die komst van materiaal om nog banke te maak.<sup>47</sup> In die maandverslag van 30 November 1901 val die gebrek aan meubels weer op wanneer meneer Tucker meld: "The school has increased to 400 scholars, many more are ready to attend as soon as desks and seats can be made".<sup>48</sup> Die meeste banke is in die kamp self gemaak en dit het plus minus 15 sjielings per bank gekos.<sup>49</sup>

#### 5.2.4.3 Skoolmateriaal

Uit die beskikbare gegewens blyk dit dat die kampskool te Pietersburg in dié opsig nie so 'n groot tekort ondervind het nie. Daar is reeds genoem dat swartborde vanaf die dorp verkry is en die Dameskomitee meld ook dat die skooltoerusting goed is, maar dat prente dringend benodig word vir sekere lesse.<sup>50</sup>

---

<sup>46</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole..., p.12.

<sup>47</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report; Cd. 819; Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375.

<sup>48</sup> Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.88; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th September 1901, Monthly Report.

<sup>49</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.207, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>50</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.207, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

### **5.2.5 Vakke**

Die Kaapse leerplan is as basis geneem vir die kampskole. Aanvanklik is net die mees elementêre vakke onderrig, naamlik lees, skryf, rekene, Bybel, Engels, sang en liggaamsoefeninge.<sup>51</sup>

Daar is egter ook aandag geskenk aan die ontspanning van leerlinge. Meneer Fairhurst het spele onder die leerlinge georganiseer en voetbal het veral baie gewild geword.<sup>52</sup>

Meneer Tucker noem ook dat die kinders in die Engelse taal onderrig is en dat die ouers baie tevrede was.<sup>53</sup> Engels was dan ook beslis die belangrikste vak en baie aandag is daaraan bestee. By inspeksies en die oorplasing van leerlinge het dié vak dan ook die meeste gewig gedra.<sup>54</sup>

### **5.2.6 Medium van onderrig**

Die medium van onderwys was uitsluitlik Engels in alle klasse vanaf die grade tot die hoogste standerds. In die instruksies aan die skoolhoofde word dit ook duidelik uitgespel: "It is to be remembered that the fact that some children scarcely know a word of English is not a reason for speaking to them in Dutch".<sup>55</sup> Slegs in een geval was daar 'n uitsondering

---

<sup>51</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole..., p.15; J.C. Otto, Die konsentrasiekampe, p.156.

<sup>52</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.207, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>53</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

<sup>54</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole..., p.15; J.C. Otto, Die konsentrasiekampe, p.157.

<sup>55</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole..., p.17.

op dié reël en dit was met Godsdiensonderrig. Slegs dan kon die Boerekinders in die taal van hulle Bybel onderrig word.<sup>56</sup>

### 5.2.7 Skoolure

Wat die skoolure betref is daar aanvanklik opdrag gegee dat daar twee skoolsessies per dag sou wees, naamlik twee uur in dieoggend en 'n sessie van twee uur in die middag, plus 'n halfuur vir Godsdiensonderrig in dieoggend. Later is egter in die meeste kampe net een sessie per dag skoolgehou, gewoonlik van 8 of 8.30 soggens tot 1 namiddag met 'n halfuur speeltijd tussenin.<sup>57</sup> Daar is geen gegewens wat daarop dui dat die Pietersburgse kampschool meer as een skoolsessie per dag gehad het nie.

Een van die Britse verpleegsters, mejuffrou Keat het ook met klasse begin. 'n Naaldwerkklas wat deur 80 persone bygewoon is en 'n sangklas bestaande uit 20 leerlinge.<sup>58</sup> Die klasse is waarskynlik in die namiddae of aande gehou.

In die kampscole was daar vier vakansies per jaar, naamlik 'n vakansie van tien dae in April en Oktober elk en gedurende Julie en Desember was daar elke keer 'n vakansie van twee weke.<sup>59</sup>

---

<sup>56</sup> M.A. Basson, Die Britse invloed..., p.288; J.C. Otto, Die konsentrasiekampe, p.156.

<sup>57</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampscole..., p.22.

<sup>58</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., pp.206-207, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>59</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampscole..., p.23.

### 5.2.8 Ouderdom van leerlinge

Uit die opdrag aan skoolhoofde blyk dit dat vanaf ses tot veertien jaar as skoolgaande ouderdom beskou is.<sup>60</sup> In die Pietersburgse kampskool is egter ook persone bo veertien toegelaat. Gedurende November 1901 was daar byvoorbeeld 78 meisies en seuns wat ouer as sestien jaar was wat ook die kampskool bygewoon het.<sup>61</sup>

### 5.2.9 Onderrig aan volwassenes

Meneer Fairhurst het in die aande klas gegee aan volwassenes wat bedags gewerk het. Die versoek om ook onderrig te word, het van die volwassenes self gekom.<sup>62</sup> Daar is reeds melding gemaak van die naaldwerkklasse wat deur mejuffrou Keat aangebied is. Die moontlikheid van kookkunsklasse en lesings oor gesondheid is ook bespreek.<sup>63</sup>

### 5.2.10 Die waarde en invloed van die kampskole

E.H. Hudson toon aan dat die kampskool te Pietersburg wel in 'n groot behoefte van die inwoners van Zoutpansberg-distrik voorsien het omdat die mense in die Zoutpansberg ylverspreid was oor 'n groot gebied en vir baie jare het hulle in afsondering van mekaar en van die res van die Republiek verkeer met die gevolg dat dit vir sommige onmoontlik was om 'n skool te bereik. Die meeste van die inwoners was verder so arm as gevolg van Bantoeonluste en 'n gebrek aan markte dat hulle geen

---

<sup>60</sup> F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole..., p.73.

<sup>61</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.207, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>62</sup> Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa, 1902, p.96; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st October 1901, Monthly Report.

<sup>63</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.206, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

vervoermiddels besit het om die naaste skole te besoek nie. Hoewel die kampskool in die beginstadium swak besoek is, was daar in Februarie 1902 750 leerlinge in die kampskool en dit was byna driemaal soveel kinders as wat al die skole tesame in die hele Zoutpansberg voor die oorlog besoek het.<sup>64</sup>

### 5.3 ARBEID EN AMBAGTE IN DIE KAMP

Vanaf die kant van die Britse owerheid is gepoog om die kampinwoners te laat werk. Dié mense moes ten spyte van die feit dat hulle in kampe sou woon, nie in alle opsigte van die owerheid afhanklik word nie. Die kampbewoner sou slegs van basiese voedselmiddele voorsien word. Hulle moet maar self luukse artikels aankoop en die voorbereiding daarvan self doen: Eerstens sou dit hulle besig hou en verder is die moontlikheid dan daar gestel om 'n inkomste te verdien.<sup>65</sup> Die algemene superintendent skryf op 15 Februarie 1901 aan die kampsuperintendente: "You know the average of the men and woman now under your charge are very resourceful, and if tactfully encouraged will do a great deal to help themselves, whilst if allowed they may sink into a absolutely hopeless and helpless frame of mind. This is the worst that can happen to them; therefore, even if it entails a slightly higher cost on our Government (which I think unlikely), I would prefer to see them encouraged to work rather than be led to expect everything to be done for them whilst in laager."<sup>66</sup>

---

<sup>64</sup> E.H. Hudson, *Die geskiedenis van die onderwys...*, pp.180- 181.

<sup>65</sup> J.L. Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, p.177.

<sup>66</sup> Cd. 819: *Reports on the working of the Refugee Camps...*, p.13, Pretoria, 15th February 1901, General Superintendent of Burgher Camps.

Die aard van die kamparbeid is nie presies omskryf nie. In die militêre goewerneur se skrywe is 'n loonskaal van 2/6 per dag vasgelê asook 'n toename in die rantsoene van die mans wat gewillig was om te werk. Dit word egter ook duidelik gestel dat die kamproetinetakies wat deur die kampbewoners verrig is, sonder besoldiging gedoen sou word.<sup>67</sup> Vele van die Pietersburgse kampinwoners moes beslis van dié geleentheid gebruik gemaak het om geld te verdien. Gedurende Mei, Junie en Julie is £68-6-6, £199-19-0 en £284-6-6 onderskeidelik uitbetaal aan salarisse vir die kampinwoners.<sup>68</sup>

Ons het alreeds by die onderwys gesien dat die meeste skryftafels vir die skool in die Pietersburgse kamp self gemaak is.

Daar is ook 'n groentetuyn by die Pietersburgse konsentrasiekamp aangelê en meneer Tucker het probeer om die mans se belangstelling vir die saak te wek. Gedurende Augustus 1901 is daar 'n begin gemaak met die groentetuyn nadat 'n wal in die Sandrivier gemaak is en voldoende water afgekeer kon word vir die natlei van 'n groentetuyn. Langs die kamp is grond bewerk, bemes en 'n verskeidenheid saad is gesaai.<sup>69</sup> Van die kampinwoners het in die groentetuyn gewerk, maar Tucker het gekla dat die groentetuyn die inwoners nie so geïnteresseer het as wat hy gehoop het die geval sou wees nie. Die gedagte het blykbaar onder die kampinwoners bestaan dat hulle na hul plase sou kon terugkeer voordat

---

<sup>67</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.12, Circular Letter A, Burgher Camp Regulations.

<sup>68</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.176, 279, 301, Statement of the expenditures of Burgher Camps Department for the months of May, June, July, 1901.

<sup>69</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.376; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

die tuin groente sou lewer.<sup>70</sup> Die tuin kon eers in Januarie 1902 'n klomp groente aan die hospitaal lewer en toe was daar ook 'n hoeveelheid aartappels en mielies beskikbaar vir die kampinwoners.<sup>71</sup> Daar is verskeidenheid van ambagte in die kamp beoefen. Een van die inwoners wat 'n grofsmid was, het 'n smidswinkel begin en waens herstel. 'n Ander het leer voorberei en skoene gemaak. Kalk is gebrand en baie mense het vir hul stowe uit golfyster gemaak. Die inwoners het ook oonde gebou en verskeie families het dan die oonde om die beurt gebruik vir die bak van brood. Een inwoner het ook hals-, en boordjieknoppe, borsspelde en ornamente uit horings uit gemaak.<sup>72</sup>

#### 5.4 SAMEVATTING

Die kamplewe moes baie eentonig gewees het aangesien die inwoners ingehok was in die tente en beperk tot die kampruimte met min afwisseling in hul daaglikse aktiwiteite. Die daaglikse lyding in die vorm van ontberinge, lewensverliese en moeilike omstandighede moes neerdrukkend op die kampinwoners gewerk het. Onder dié omstandighede het die godsdiensbeoefening in die kamp 'n belangrike rol gespeel om die mense te versterk in hul uur van nood en beproeing. Die kampskool het nie net menige kind die geleentheid gebied om 'n skool te besoek nie, maar dit het ook van die kinders se ledige ure gevul. Die kamparbeid het ook van die inwoners gehelp om nie totaal van die owerheid afhanklik te raak

---

<sup>70</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st December 1901, Monthly Report.

<sup>71</sup> FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.736; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report.

<sup>72</sup> Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.89; Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.97.

nie, hulle het 'n inkomste verdien en kon so self hulle lewensmiddele aanvul. Die kamparbeid het dan ook vele volwassenes besig gehou tot voordeel van die hele kampgemeenskap.